
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2025

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
    - AFDELING A: VERPLIGTEND
    - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
    - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Skryf die nommer van die vraag boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING A (VERPLIGTEND) 30 PUNTE – 20 MINUTE**

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die inkomste verkry uit die verkoop van een bykomende eenheid van ŉ produk word … inkomste genoem.

A maksimum
B gemiddelde
C marginale
D totale

1.1.2 Meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste bymekaar bring:

A Mark
B Markmislukking
C Doeltreffendheid
D Toerisme

1.1.3 Winsmaksimering is waar die vertikale afstand tussen … en TK die grootste is.

A TFC
B TVK
C MK
D TI

1.1.4 ŉ Markingryping wat die produksiekoste vir die produsente verlaag, staan as ŉ ... bekend.

A tarief
B belasting
C oordrag
D subsidie

1.1.5 Die VPIX-indeks is die inflasiekoers wat rentekoerse op … lenings uitsluit.

A munisipale
B regerings
C verband
D tesourie

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.6 ʼn Plek wat deur UNESCO gelys word as ʼn plek wat spesiale kulturele of fisiese belangrikheid inhou, word ʼn ... genoem.

A Departement van Toerisme
B Wêrelderfenisterrein
C Superieurstruktuur
D Wêreldbank

1.1.7 Die konstante daling in die algemene prysvlak word ... genoem.

A deflasie
B rentekoers
C hiperinflasie
D kerninflasie

1.1.8 ʼn Suid-Afrikaner wat na Frankryk reis om na die Wêreldbeker-rugbytoernooi te kyk, is ʼn voorbeeld van ʼn … toeris.

A mediese
B besigheids
C uitgaande
D inkomende (8 x 2) (16)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Minimum loon | A ŉ kromme met ŉ boonste elastiese gedeelte en ŉ onderste onelastiese gedeelte |
| 1.2.2 Toerisme | B die markprys waarteen die hoeveelheid goedere aangebied gelyk is aan die hoeveelheid goedere gevra |
| 1.2.3 Geknikte vraagkromme | C die laagste bedrag van vergoeding wat van ŉ werkgewer vereis word om werkers te betaal vir die werk wat gedurende ŉ gegewe tydperk verrig is |
| 1.2.4 Biodiversiteit | D aktiwiteite van mense wat buite hul gewone plekke vir ontspanning, besigheid of sport reis |
| 1.2.5 Ewewigsprys | E ŉ maatstaf van die koers van die verandering in pryse van produkte wat verkoop word wanneer hulle die fabriek verlaat |
| 1.2.6 Produsenteprysindeks | F betaling gemaak deur die regering aan besighede om aktiwiteite te verminder wat negatiewe eksternaliteite op die omgewing veroorsaak |
| 1.2.7 Stagflasie | G die verskeidenheid plant- en dierelewe in ŉ bepaalde habitat |
| 1.2.8 Omgewingsubsidie | H die vermoë van die omgewing om haarself vir toekomstige ekonomiese aktiwiteite te onderhou |
| | I lae groei, hoë werkloosheid en hoë inflasiekoerse vind gelyktydig plaas |

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1. tot 1.3.6.) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ŉ Tegniek wat deur die regering gebruik word om maatskaplike voordele met sosiale koste te vergelyk

1.3.2 ŉ Instituut wat beperkende sakepraktyke en misbruik van dominante posisies ondersoek

1.3.3 Privaat koste plus eksterne koste

1.3.4 Onaangepaste VPI wat slegs vir stedelike gebiede bereken word

1.3.5 Die bekendstelling van afval in die omgewing

1.3.6 Die proses om die hulpbronne wat niehernubaar is, ongeskonde te hou (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van produkte wat deur volmaakte mededingers verkoop word. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe dra die onvolmaakte verspreiding van inkomste en welvaart tot markmislukkings by? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.2.1 Identifiseer die markstruktuur in die grafiek hierbo. (1)

2.2.2 Identifiseer die aanbodkromme in die grafiek hierbo. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *homogene produkte*. (2)

2.2.4 Wanneer sal 'n firma in hierdie mark sy bedrywighede sluit? (2)

2.2.5 Gebruik die grafiek hierbo om die tipe wins wat hierdie firma maak, te bepaal. Toon AL die berekeninge. (2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE SUID-AFRIKAANSE MEDIESE SKEMA-MARK– 'N VOORBEELD VAN STAATSGESKEPTE MARKMISLUKKING**

Die Suid-Afrikaanse mediese skemas mark is van groot belang vanuit 'n ekonoom se perspektief vir die twee redes.

Pareto, 'n Italiaanse ingenieur, het 'n bietjie vlees op daardie bene gesit deur uit te wys dat die optrede van sommige, onwillekeurige koste op ander kan oplê; of soos dit gewoonlik deur ekonome gesê word, dwing eksternaliteite op ander af.

Ekonome kan 'n algemene verduideliking vir regeringsingryping bied. Regerings is geregverdig om in markte in te gryp om markmislukking uit te skakel. Nadat daardie stelling gemaak is, kan dit dan gesê word dat dit nie die verduideliking is vir die ingryping in die Suid-Afrikaanse mediese skemas mark nie.

[Aangepas uit: www.bizcommunity.com]

2.3.1 Identifiseer die oorsaak van markmislukking uit die uittreksel hierbo. (1)

2.3.2 Noem enige EEN kenmerk van openbare goedere. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *markmislukking.* (2)

2.3.4 Verduidelik *grondrestitusie* as 'n regstellingsmetode om inkomste en welvaart te herverdeel. (2)

2.3.5 Hoekom is markte onwillig om openbare goedere te produseer? (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei, sonder om grafieke te gebruik, *die vraagkromme van volmaakte mededinger* met die van *oligopolie*. (4 x 2) (8)

2.5 Verduidelik die impak van produktiewe ondoeltreffendheid op die koste en mededingendheid van 'n besigheid. (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**


3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE inheemse kunsvorme in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe veroorsaak uitvoer verdienste vraagtrekinflasie? (2 x 1) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WÊRELD BURGER WETENSKAPLIKES GRAWE DIT UIT: OPGRAWE VAN SA SE PALEO-TOERISME**





Stel jou voor, versigtig grawe rondom ŉ stuk been wat uit die aarde steek. As ons daardie een fossiel vind, wat die vermiste stuk in ŉ yslike, groot menslike voorouer-legkaart is.
Paula, wat van Ierland is, is aan die onderkant van ŉ uitgrawingsput in die Wieg van die Mensdom se UNESCO Wêrelderfenisterrein naby Johannesburg in Gauteng, waar sowat 40% van Afrika se menslike voorouer fossiele gevind is. Sy is deel van ŉ groep van ses internasionale toeriste op ŉ paleo-safari.

[Aangepas uit: www.dailymaverick.co.za]

3.2.1 Identifiseer die tipe toerisme wat in die uittreksel hierbo genoem word. (1)

3.2.2 Noem enige EEN Wêrelderfenisterrein. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *transito-toeris.* (2)


3.2.4 Waarom is misdaadvoorkoming belangrik vir die groei van toerisme in Suid-Afrika? (2)

3.2.5 Hoe kan toerisme die omgewing negatief beïnvloed? (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: Forbesindia.com]

3.3.1 Identifiseer die oorsaak van inflasie in die grafiek hierbo. (1)

3.3.2 Noem die tipe inflasie wat hoë, onbestendige pryse uitsluit. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *allesomvattende inflasie.* (2)

3.3.4 Beskryf die effek van inflasie op industriële onrus. (2)

3.3.5 Verduidelik die effek van inflasionêre verwagtinge op produsente. (4)

3.4 Onderskei tussen *fiskale maatreëls* en *monetêre maatreëls* wanneer inflasie bekamp word. (8)

3.5 Hoe kan binnelandse toerisme in Suid-Afrika bevorder word? (4 x 2) (8)
**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
**40 PUNTE – 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE tipes verbruikersinflasie. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom sal die gemiddelde langtermynkoste daal namate uitset oortyd toeneem? (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EKONOMIESE IMPAK VAN DIE TOERISME SEKTOR: TOERISME IS ’N SLEUTEL EKONOMIESE DRYWER EN IS BESIG OM TE STYG**




Die toerisme sektor word dikwels oor die hoof gesien as ’n belangrike ekonomiese sektor, tog is dit ’n beduidende bydraer en drywer van ekonomiese groei en werkskepping.

[Aangepas uit www.southafrica.net]

4.2.1 Identifiseer die effek van toerisme in die grafiek hierbo. (1)

4.2.2 Noem enige EEN rede vir toerismegroei in Suid-Afrika. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die konsep *ekotoerisme*. (2)

4.2.4 Verduidelik die effek van die depresiasie van die rand op buitelandse toerisme. (2)

4.2.5 Hoe kan inheemse kennisstelsels ’n bydrae tot die bevordering van toerisme lewer? (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3 Bestuder die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**REDES VIR MARKMISLUKKINGS – ONTBREKENDE MARKTE**





**PRENT A**




**PRENT B**




**PRENT C**



**PRENT D**

4.3.1 Identifiseer merietegoedere in die prente hierbo. (1)

4.3.2 Noem die goedere wat deur die mark oorvoorsien word. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *eksternaliteite.* (2)

4.3.4 Waarom word merietegoedere deur die mark ondervoorsien? (2)

4.3.5 Hoe kan die regering die verbruik van demeriete goedere ontmoedig? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek die toename in huishoudelike verbruik as 'n oorsaak van vraagtrek-inflasie. (4 x 2) (8)

4.5 Hoe bevoordeel die Mededingingswet die Suid-Afrikaanse ekonomie? (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ laerorde-antwoord.<br>• ŉ Goeie beginpunt sal wees om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/ Verduidelik<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik gegewe grafiek en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/ Stel voor | Maks. 26<br><br><br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat reeds genoem is te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail monopolie as ŉ markstruktuur. (26 punte)
- Waarom misluk Suid-Afrikaanse monopolieë daarin om die tipiese langtermyn-ewewigsposisie van ŉ monopolie te bereik nie? (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die omgewingsprobleme en die belangrikste internasionale maatreëls wat geneem is om volhoubare ontwikkeling te verseker (26 punte)
- Bespreek krities waarom die mark misluk om omgewingsvolhoubaarheid te verseker. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou